

1. SPELLING en TAALGEBRUIK

- Kandidate sukkel om plekname en karakters se name te spel en van mekaar te onderskei.
- Engelse woorde word gebruik en is ontoelaatbaar.
- By blokkiesraaisels word verwag dat kandidate die name en kernwoorde korrek moet spel en dit word nie gedoen nie.
- Sinne word nie goed geformuleer nie en dui daarop dat daar nie genoeg oefening in hierdie verband gedoen word nie.
- Voegwoorde soos *dat* en *omdat* word glad nie reg gebruik nie.
- Sinskonstruksies is swak.
- Aanhalingstekens moet in die vervolg gebruik word.
- Kernwoorde moet herhaaldelik onderrig word.

2. BEANTWOORDING VAN VRAE

- Te veel kandidate beantwoord vrae uit dieselfde afdeling of meer as die vereiste twee vrae.
- Die kandidate lees nie die vrae nie en beplan nie antwoorde nie. Hulle beperkte woordeskat is ook 'n faktor in die beantwoording en begrip van die vrae. Skryf slegs wat gevra word.

3. INSTRUKSIES

- Basiese instruksies word nie gevolg nie as gevolg van gebrekkige leesvermoë. Voorbeelde hiervan is: "Begin vraag op nuwe bladsy" word geignoreer. Laat 'n reël oop tussen antwoorde. Dit bemoeilik die nasieners se taak en lei tot frustrasie as tyd gemors word om antwoorde te soek in slordige werk.
- Wanneer enkel woorde vereis word, skryf kandidate dikwels paragrawe. Andersom is ook 'n probleem: kandidate skryf een woord as 'n sin verwag word.

4. KEUSES

- Goeie punte word behaal by die beantwoording van die kortverhale en gedigte en die roman word afgeskeep.
- Onderwysers kies soms die roman as gevolg van romantiese redes maar hulle kan nie klaarkry met die boek teen die derde kwartaal nie en die kandidate moet self die werk voltooi.
- Hulle is nie in staat om dit te doen nie en kies ook soms die vraag wat hulle nie juis kan beantwoord nie. Leesvermoë is ook beperk.
- Keuses moet op die voorblad van die vraestel omkring word sodat nasieners nie daarvoor moet soek nie. Alle ongebruikte bladsye moet deurgehaal word.

5. KENNIS EN INTERPRETASIE

- By die kortverhale moet die onderwysers konsentreer op elke fyn besonderheid.
- 'n Oorsigtelike kennis sal nie vir die kandidaat bevoordeel en in die eksamen goeie punte behaal nie.

6. TERMINOLOGIE

- Hierdie aspek is kommerwekkend omdat nog meer kennis hiervan verwag word in 2008, maar die huidige situasie is reeds beroerd.
- Algemene woorde soos *vergelyking*, *metafoor* en *gedig* is blykbaar te moeilik om te verstaan.